The Buzz

# Dit was 'n eersteklas reünie

● GERDA BRUINETTE

SASOLBURG – 'n Skoolreünie op 'n Sondagmiddag. Dis hoe dit gevoel het. Die een oomblik was ons nog in die teater en die volgende oomblik deel van die matrieks van 1980 se reünie.


Frank Opperman het die gehoor dadelik ingetrek, deelgemaak van 'n tipiese byeenkoms. 'n Komedie? Nee, dié eenmanvertoning kan nie bloot 'n komedie genoem word nie. Daarvoor is daar veels te veel oomblikke van herkenning, skok en hartseer alles met deernis aangebied. Want Opperman, wat elkeen van die 11 karakters met oortuiging vertolk het, kon bykans enige reünie van die matrieks uit die 80's tentoongestel het.

Die meesterskrywer agter die stuk is Dana Snyman. Hy en Opperman is groot vriende. Daar is lank geskaaf aan *Die Reünie* maar die resultaat is fenomenaal.

Raakvat beskrywings en karakters wat ons almal ken. Mee kan identifiseer. Van die hoofseun wat nou al jare oorsee bly tot by ou Boesman wat totaal en al bossies van die grens teruggekeer het, nooit weer sy voete kon vind nie en nou vrede in 'n bottel soek.

Lekker gelag, aan 'n knop in die keel gesluk, maar ook met baie gelaat om oor na te dink. Soos die teatergangers die Etienne Rousseau Teater verlaat het, het positiewe kommentaar van oral opgeklink.

Die enigste teleurstelling was die besef dat toe die ligte aangaan daar nie regtig gelaaide tafels en braaivleisvure agter die saal gewag het nie.



Johan Cronjé van Vanderbijlpark en Frank Opperman. "Frank het homself oortref in hierdie stuk," sê Johan.



Susters Willemien en Enid en hul wederhelftes, Cobus Olivier en Hein Kruger, het die eenmanvertoning baie geniet.
**Foto's: Gerda Bruinette**



Akteur Frank Opperman saam met die Etienne Rousseau Teater se bestuurder, Herman van Niekerk, na Opperman se eenmanvertoning.

# O jinne...Ouma kom kuier binnekort!

● GERDA BRUINETTE

SASOLBURG – Dowwe Dolla het amptelik afgetree in 2021, maar haar ouma het besluit sy is nog lank nie uitgekuier nie. Ouma reken sy het nie haar kleindogter nodig om die land plat te reis nie. Sondag, 8 September kom draai sy in die Etienne Rousseau Teater om 15:00.

Kyk, dié ouma is nie die stil, rustige, sit op die stoep en brei 'n kombersie tipe nie.

Nee, sy is oorspronklik van Garies en soos meeste mense van daardie wêreld is sy 'n formidabele vrou. In die knersvlakte word jy nie groot met luukshede soos doekies omdraai nie. Sy het al twee mans begrawe maar haar bure vermoed die laaste een het net ingesluimer.

Taktvol is sy nie.

Sy sê 'n ding soos wat sy dit sien en tans is daar baie goed wat sy nie heeltemal verstaan nie, maar op haar baie reguit manier ontrafel.

Margit Meyer-Rödenbeck vertolk die rol van Ouma en Coenraad Rall speel die klavier.

Die teks, lirieke en regie van *Ouma is Op Pad* word behartig deur Jurgen Human.

Hierdie is komedie met skop en weereens 'n bewys van Meyer-Rödenbeck se uitstekende toneelspel asook haar fyn waarneming van mense en hul dinge.

Kom kuier saam en hoor Ouma se weergawe van die waarheid tussen jou lagtrane deur. Kaartjies is beskikbaar by www.ertickets.com. Ouderdomsbeperking is 14 jaar.



**Margit Meyer-Rödenbeck as Ouma in *Ouma is Op Pad*. Foto: Hans van der Veen**



Mietsie Visser (senior-fotograaf) se "Cheetah with flies".



Pikkie Marais se "Staan vas in die koue".



Francois Roux se "Namib duin".

# Fotografieklub se Augustus-treffers

● ELSJE VERMEULEN

VANDERBIJLPARK - Die Vanderbijlpark Fotografiese Vereniging is 'n gesinsvriendelike klub en nooi jonk en oud om lid te word. Daar word met sagte oë na foto's gekyk en opbouende kommentaar word gegee. Tydens die Augustus klubbyeenkoms was daar weer treffende foto's ingeskryf.

**Die onderskeie afdeling-wenners is:**

Aanlynkompetisie - Mietsie Visser (senior-fotograaf) se "Cheetah with flies."

Selfoon-afdeling - Renèe Storme (senior-fotograaf) se "Seshlabathebe 11."

Senior Ope-afdeling (4, 5 Ster en hoër graderings) - Francois Roux se "Namib duin" was die wenfoto en die algehele wenfoto van die aand.

Junior Ope-afdeling (1 tot 3 Ster graderings) - Eanette Maass se "Langstertjie."

Monochroom: Senior - Johan Joubert se "Olivia."

Monochroom: Junior - Pikkie Marais se "Staan vas in die koue."

Maandtema: Sport Senior-wenner - Francois Roux se "Hekkies 168."

Maandtema: Sport Junior-wenner - Pikkie Marais se "You could be a winner."

Al die wenfoto's kan op die klub se webtuiste www.vdbp-photo.org besigtig word. Interessante artikels word ook gereeld op die webtuiste gelaai. Besoek ook gerus die klub se Facebookblad *VdbpPhotoClub*.

Belangstellendes wat meer oor die klub wil uitvind kan Johan Brits kontak by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za.



Eanette Maass se "Langstertjie".



Francois Roux se "Hekkies 168".